



\*ENGLISH TEXT BELOW\*

## MAANDELIKSE NUUSBRIEF: SEPTEMBER 2020

Hierdie nuusbrieff word aan u gerig as lid van die Hoëveld Sindikasie Aksiegroep (“HSAG”) op grond van u belegging in die Highveld Sindikasiemaatskappy 15-22 en/of u ondersteuning van die HSAG.

Hierdie e-pos is vertroulik en uitsluitlik vir die geadresseerde bedoel. As u dit per ongeluk / verkeerdelik ontvang het, stel asseblief die versender onmiddellik in kennis by [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) en vernietig dit. U mag nie 'n e-pos, of enige deel daarvan, wat foutiewelik ontvang aan enigiemand anders stuur, kopieer of openbaar nie. HSAG se webmeester gebruik antivirusprogrammatuur om virusse en ander kwaadwillige kodes te voorkom. Hierdie sagteware kan egter nie so 'n kode altyd voorkom of uitwis nie. Die HSAG of sy verteenwoordigers sal nie aanspreeklik wees vir enige verlies of skade wat voortspruit uit ontvangs of gebruik van hierdie e-pos of andersins, of dit voortspruit uit die nalatigheid van HSAG, sy lede, bestuurskomitee en agente of andersins nie.

Alhoewel e-posse, HSAG Nuusflitse en HSAG Inligtingsbrokkies van tyd tot tyd uitgestuur word, is die [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) webtuiste die primêre plek waar u HSAG inligting, onderhewig aan die vrywaring daarin vervat (en ook hierop van toepassing) kan bekom.

Die verpligting rus op u as HSAG lid om ons op hoogte van enige veranderinge van u persoonlike en/of kontakbesonderhede.

### HSAG AMPTELIKE NUUSBRIEF – INHOUDSOPGAWE

- 1 ANTWOORDE ONTVANG OP VRAE VAN BELEGGERS
- 2 ORTHOTOUCH EN ZEPHAN PROPERTIES (PTY) LTD (IN SAKEREDDING) JULIE & AUGUSTUS /2020 – DR GERT HOLTZHAUZEN VERSLAG
- 3 HS 21 & 22 FICA DOKUMENTE
- 4 DIE VERLOOP VAN DIE REGSPROSES – HS 21 & 22: CCAF
- 5 DIE VERLOOP VAN DIE RESPROSES – HS 15 – 20
- 6 INHOUD VAN REPLISERENDE STUKKE - HS 21 & 22: CCAF
- 7 FLUITJIEBLASERS
- 8 GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE
- 9 BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES

## 1. **ANTWOORDE OP VRAE ONTVANG VAN BELEGGERS**

Die HSAG bestuur en regspraak ontvang groot hoeveelhede navrae van beleggers, beleggingsadviseurs sowel as derde partye aangaande die aangeleentheid waarin die HSAG betrokke is. Ons let op dat baie van die e-posse en oproepe wat ons ontvang van dieselfde aard is. Ons sal dus onder hierdie afdeling enkele vrae beantwoord wat ons gereeld van beleggers ontvang.

### **VRAAG 1:**

**Aangesien Suid-Afrika se Inperkingsregulasies op 21 September 2020 na Vlak 1 verslap is, is daar nou 'n moontlikheid dat die HS 15 – 20 en HS 21 & 22 aangeleentheid vroeër voor die hof sal kan wees?**

Die aankondiging dat Suid-Afrika na Vlak 1 van die Inperkingsregulasies verslap is wel 'n positiewe teken. Die HSAG vertrou dat dit die gevolg sal hê dat die hof nou meer sake kan aanhoor. Dit is egter belangrik om op te let dat die hof steeds nie op volle stoom sal voortgaan nie en sal sake wat gedurende die inperking aangehoor moes word, uiteraard voorkeur kry. Dit moet ook genoem word dat sake eers deur die hof aangehoor kan word wanneer dit “verhoor-gereed” is en wanneer alle dokumente wat nodig is vir die verhoor deur die onderskeie partye uitgeruil is.

Die hof se werking is nie net onderhewig aan die Inperkingsregulasies nie, maar ook direklike wat deur die Hoofregter van die Konstitusionele Hof bekend gemaak word. Hierdie direklike is nog nie gewysig sedert die amptelik verslapping na Vlak 1 nie, en het die werking van die hof dus nie verander of skielik meer toeganklik geword sedert Vlak 1 nie. Tyd sal leer hoe dit in die praktyk sal geskied.

Die HSAG is in proses om 'n saakbestuurder in die HS 15 – 20 aangeleentheid te bekom, wat sodoende sal verseker dat die uitruil van dokumente in hierdie aangeleentheid volgens 'n skedule, wat die saakbestuurder daarstel, moet verloop. Die Respondente het steeds nie hul antwoordende verklarings aan die HSAG regspraak voorsien nie en daarom kan die HSAG regspraak, op die stadium, nie repliserende stukke liasseer nie. Na afloop van die prosesse sal die HSAG regspraak in die HS 15 – 20 aangeleentheid aansoek kan doen vir 'n hofdatum wat ons vertrou vroeër sal wees as gevolg van die feit dat die inperkingsmaatreëls verder verslap het.

Die CCAF (Certified Class Action Fast track HS 21 & 22) regspraak het in verband met die HS 21 & 22 aangeleentheid op 31 Augustus 2020 die antwoordende verklarings van die teenkant ontvang. Hulle het weer repliserende stukke op die teenkant beteken.

Waarnemende Adjunk Regterpresident (“WnARP”) Potterill sal dus in die komende week genader word deur die regsman om ‘n hofdatum te versoek. Ons vertrou dat hierdie hofdatum vroeër sal wees as verwag, spesifiek weens die verslapping van die Inperkingsmaatreëls.

### **VRAAG 2:**

**Die HSAG kry elke maand state waarop hul betalings wys. Wanneer gaan die HSAG lede in die CCAF verrigtinge maandstate ontvang?**

Soos voorheen gemeld was daar twee opsies vir HS 21 & 22 beleggers om deel te kon vorm van CCAF. Die beleggers moes óf voor 16 Maart 2020 “opt-in” op die webtuiste (“Groep 1 CCAF”) óf hulle moes opbetaalde HSAG lede wees teen 31 Januarie 2020 (“Groep 2 CCAF”). Die groep buite die HSAG, Groep 1 CCAF, wat die “opt-in” opsie gevolg het, se state is reeds uitgestuur. Groep 2 CCAF (opbetaalde HSAG lede) se state kan egter nog nie uitgestuur word nie aangesien daar steeds ‘n proses aan die gang waardeur rekeningkundige inligting oorgeplaas word vanaf die HSAG SAGE pastel stelsel na XERO. Die ouditeure staan ook by met die proses. Groep 1 CCAF se inligting kon direk van hul registrasievorms oorgelaai word na XERO, maar dit is ongelukkig nie moontlik vir Groep 2 CCAF nie en moet die inligting individueel geverifieer en oorgelaai word. Sodra hierdie proses voltooi is sal alle CCAF lede hul CCAF state ontvang.

Vir opbetaalde HSAG-lede behoort die CCAF state egter nie ‘n probleem te wees nie aangesien hul tot dusver geen betalings gemaak het ten aansien van CCAF nie. Die enigste bydraes deur hul betaal was HSAG bydraes, welke bydraes op hul HSAG state sigbaar is. Beleggers is tog veronderstel om teen nou te weet wat die vereistes was om deel te vorm en of hul opbetaal was, al dan nie.

Indien enige betalings van registrasiefooië nie op ‘n Groep 1 CCAF staat verskyn nie, versoek ons dat u die regsman dringend inlig daarvan by [accounts@ccaf.co.za](mailto:accounts@ccaf.co.za). Indien u nie die voorgeskrewe verwysing met die maak van die betaling gebruik het nie, versoek ons dat u die bewys van betaling na bogenoemde epos stuur sodat u betaling op u staat aangebring kan word.

### **VRAAG 3:**

**Waar staan HS 15 – 20 & HS 21 & 22 lede met betrekking tot Orthotouch en Zephan se besigheidsredding?**

Op die stadium is die HSAG regsman in afwagting om te sien wat Du Toit se modus operandi gaan wees vir die stemming vir of teen die sakereddingsplan. Dit blyk dat hy tans besig is om ‘n elektroniese proses te oorweeg en verwag die HSAG regsman dat hy

wel binnekort melding daarvan sal maak in sy maandelikse vorderingsverslae wat hy verplig is om te lewer in terme van die Maatskappywet. Du Toit se maandelikse skrywes is dus nie onverwag nie. In terme van die Maatskappywet moet 'n besigheidsreddingspraktisyn ("BRP"), indien die sakereddingsproses nie binne 3 maande afgehandel word nie, maandeliks 'n verslag voorberei en dit maandeliks opdateer rakende die stand van sake in die proses.

In die normale loop van sake word daar nou gewag vir 'n verdere vergadering van krediteure (en ook aandeelhouders indien van toepassing) waar die sakereddingsplan oorweeg kan word en waar daar 'n geleentheid gegee kan word om te stem vir die wysiging van die plan, voorlopige aanvaarding van die plan, en indien nie, dus die verwerping van die plan. Die doel van die hierdie tweede vergadering is spesifiek om die belanghebbendes 'n geleentheid te gee om hul stemme te lig. Die deelname van geaffekteerde persone (dus u) tydens die sakereddingsproses is van uiterse belang om 'n sakereddingsproses te bewerkstellig wat die belange van alle geaffekteerde persone in ag neem en is die regspan van mening dat daar nie afgewyk kan word van daardie bepalings van die Maatskappywet indien die proses wat gevolg word nie die deelname van geaffekteerde persone kan fasiliteer nie.

Die advies van die HSAG se advokatuur, met die inligting tot hul beskikking, is om teen die besigheidheidsreddingsplan in beide Zephan en Orthotouch te stem aangesien daar geen redelike vooruitsig bestaan om die maatskappye te red nie en dit slegs bestem is om die proses verder uit te rek.

**\*Nie net is alle CCAF Applikante ook lede van die HSAG nie, maar het CCAF ook dieselfde regsverteenwoordigers. Die oorgrote meerderheid van die litigante in die gesertifiseerde klas-aksie is ook HSAG lede. Ons deel dus graag ook die CCAF sake se inligting in die HSAG nuusbrieff.**

## **2. ORTHOTOUCH EN ZEPHAN PROPERTIES (PTY) LTD (IN SAKEREDDING) JULIE & AUGUSTUS /2020- DR GERT HOLTZHAUZEN VERSLAG**

Die HSAG het ook die opinie van Dr Gert Holtzhauzen ingewin met betrekking tot die maandelikse skrywes van die BRP. Dr Holtzhauzen is 'n deskundige op die gebied van sakeredding en is ook 'n lid van die krediteure komitee van Zephan en Orthotouch. 'n Opsomming van sy verslag volg hieronder.

Die BRP se ondersoek is sedert dag een verdag aangesien geen bewyse voorgelê is aan die krediteure dat 'n behoorlike ondersoek gedoen is deur die BRP nie, en latere krete na ondersoek het op dowe ore geval. Die BRP regverdig nou dat sekere inligting uitgelaat was weens tydsbeperkings, welke regverdiging debatteerbaar is.

Onder die druk van 'n potensiële strafregtelike klagte, blyk dit dat die BRP probeer red wat hy kan, maar vryf hy nou sout in die wond deur die kooppryse van eiendomme te ondersoek met bystand van 'n sogenaamde onafhanklike eksterne rekenmeester, gerieflik dieselfde Orthotouch en Zephan rekenmeester wat versuim het om die finansiële verslaglewering van Orthotouch sedert 2014 en Zephan sedert 2009 te doen. Die rekenmeester se onafhanklikheid is twyfelagtig. Die rekenmeester moet gerapporteer word aan IRBA.

Om die Bosman & Visser (waarvan Georgiou destyds 'n direkteur was) syfers met die prospektus syfers te vergelyk regverdig nie die belangrikheid van die eiendom transaksies nie. Die BRP bevestig die manipulerings van opvallende syfers in die onderliggende transaksies, maar versuim om die rede vir die “verhoogde” pryse te verduidelik. Die vanselfsprekende belastingimplikasies van die verskille in pryse word weereens gerieflik geïgnoreer.

Die BRP, in sy poging om duidelikheid te skep oor die “terugbetalings” gemaak voor, gedurende en na sakeredding, misluk om insiggewend te wees en laat meer vrae ontstaan deur nie 'n omvattende terugbetaling skedule in te sluit om die noemenswaardige bedrae te ondersteun nie.

Na verdere ondersoek deur die BRP na die terugbetaling van beleggings aan beleggers, het dit na vore gekom dat die gepubliseerde sakereddingsplan nie betalings ingesluit het aan beleggers voor die sakeredding van die HS maatskappy in 2011 nie. Die belang van die stelling word betwyfel, buiten dat dit bevestig dat krediteure nie gelyk behandel is nie.

Die akkuraatheid van die inligting verskaf aan die BRP is voorgelê aan hom deur die maatskappy se bestuur en die BRP steun weereens op die sogenaamde onafhanklike eksterne rekenmeester. Dit blyk dat die BRP nie die inligting self verifieer het nie.

Die feit dat die BRP nou instem dat die Art 141 ondersoek nie behoorlik gedoen is voor publiserings van die sakereddingsplan nie word verwelkom. Hy het 'n verskoning aangebied dat die inligting nie beskikbaar was voor publiserings van die plan nie en hy is nou op hierdie latere stadium besig om ondersoek in te stel na die sogenaamde kontantvloei van die eiendomstransaksies. Die indruk word geskep dat die BRP slegs gekonsulteer het met die bestuur en onafhanklike rekenmeester van die maatskappy na publiserings van die sakereddingsplan, wat hoogs onreëlmatig sal wees.

Die volgende stelling gemaak deur die BRP is ondenkbaar aangesien hy erken dat hy opvallende inligting weggelaat het in die sakereddingsplan “..Some of this information was purposely omitted from the Business Rescue Plan as I, as Business Rescue

Practitioner, was of the opinion that such information was required...'. Die BRP het (weereens) versuim om te voldoen aan die Maatskappyewet.

Die BRP het nog nie aan krediteure openbaar dat hy 'n aansoek gebring het namens Orthotouch en Zephan om tussenbeide te tree in die sekwestrasie aansoek van Nic Georgiou om dit te opponeer nie. Die sekwestrasie aansoek is geskik deur Georgiou voor die aanhoor daarvan. Die BRP moet openbaar wat gelei het tot die aansoek en hoe dit befonds is, en hoekom die maatskappye tussenbeide getree het in hofverrigtinge waarin dit nie 'n party is nie.

Dieselfde “ou” raaisel word herhaal met betrekking tot die onidentifiseerbaar derdeparty finansierders uit vrees van ontsporing die sakeredding deur die sogenaamde teenstanders (“detractors”). Dit kom voor dat die BRP die sogenaamde teenstanders groepeer het in 'n krediteure klas van hul eie, wat duidelik is in die afdeling van die vorderingsverslag wat handel oor litigasie. Die litigasie wat gebring is teen die maatskappye in die verlede het bewys om nogal suksesvol te wees aangesien hierdie krediteure se eise meestal buite die hof geskik is. Die BRPs ignoreer uit gerieflikheidshalwe Artikel 7(k) van die Maatskappyewet wat stel dat die oogmerke van die Wet onder andere is om “...voorsiening te maak vir die doeltreffende redding en herstel van maatskappye wat finansiëel in die nood is, op 'n wyse wat die regte en belange van alle betrokke belanghebbers in ewewig bring...”.

Die BRP het steeds nie die rede vir die onttrekking van die R1,2 miljoen verduidelik nie en het nou die fondse deponer in sy prokureur se trustrekening. Dit laat die vraag ontstaan waarom hierdie stap nodig was. Die BRP versuim om die agtergrond van die fondse te verduidelik en sy redenasie dat die fondse belê is tot voordeel van sekere beleggers wie in litigasie is teen die maatskappye, en waarom enige eise ongelyke voordele vir sekere geaffekteerde partye tot gevolg sal hê.

Die BRP het aangedui dat hy van voorneme is om 'n nuwe plan te publiseer, dit sonder om die geaffekteerde partye te nader om hul toestemming te kry, en sonder enige noemenswaardige konsultasie met hulle. Hoe sal die addisionele openbaarmaking van sogenaamde feite die uitkoms of voorstel in die plan verander? In werklikheid, met die voortdurende uitstel, is die bedrag wat verdeelbaar is aan krediteure vinnig besig om waarde te verloor.

Die BRP se beoogde “nuwe” plan laat die vraag ontstaan na die voortbestaan van 'n redelike vooruitsig dat die maatskappye gered kan word.

Die gewysigde plan sal in alle waarskynlikheid weereens meer vrae as antwoorde tot gevolg hê, en kan gesien word as 'n uitstel van die onafwendbare uitkoms, wat die likwidasië van die maatskappye is.

### 3. **HS 21 & 22 FICA DOKUMENTE: CCAF**

Die HSAG lede van HS 21 & 22 in CCAF wat nog nie hul FICA dokumente aan die HSAG regspraak se kantore ge-e-pos het nie, moet dit asseblief voor 4 Oktober 2020 doen. U is reeds verskeie male versoek om hierdie dokumente te voorsien aan die HSAG regspraak. Die oorhandiging van FICA dokumente is 'n algemene vereiste van die *Financial Intelligence Centre Act* ("FICA wetgewing") wat bepaal dat kliënte van verantwoordbare instansies, (bv. banke en prokureursfirmas) hierdie dokumente aan die instansies moet oorhandig indien hulle van die instansie se dienste gebruik wil maak om die instansie in staat te stel om die kliënt te verifieer. Die oogmerke van die wet is onder andere om bedrog te voorkom en is dit nie bloot 'n formaliteit nie, maar verpligtend.

Ten einde te bepaal watter dokumente u aan die regspraak moet voorsien vir FICA doeleindes, kan u die onderstaande lys bestudeer.

#### **INDIVIDUE:**

1. Afskrif van die ID-dokument (SA burgers) / paspoort (buitelandse burgers);
2. Bewys van adres wat minder as drie maande oud is (byvoorbeeld nutsrekening, winkelrekening, bankstaat met adres, DSTV-rekening, munisipale brief)
3. Indien u nie 'n bewys van adres op u naam het nie, kan u 'n verklaring deur 'n derde party indien wat sal dien as bevestiging dat u 'n adres met die derde deel. U moet dan ook die derde party se bewys van ID verskaf sowel as bewys van adres (minder as drie maande oud).

#### **INDIVIDUELE NIE-INWONER:**

1. Afskrif van buitelandse ID / paspoort
2. Bewys van adres minder as drie maande oud
3. Indien u nie 'n bewys van adres op u naam het nie, kan u 'n verklaring deur 'n derde party indien wat sal dien as bevestiging dat u 'n adres met die derde deel. U moet

dan ook die derde party se bewys van ID verskaf sowel as bewys van adres (minder as drie maande oud).

### **BOEDEL:**

1. Afskrif van doodsertifikaat
2. Afskrif van ID van oorledene
3. Bankbesonderhede van wyle boedelrekening
4. Resolusie (indien meer as een eksekuteur)

Van die **eksekuteur/s** benodig ons die volgende:

5. Afskrif van ID
6. Afskrif van die Eksekuteursbrief / Magtiging
7. Bewys van adres (minder as drie maande oud)

### **TRUST:**

1. Afskrif van trustakte (indien van toepassing, enige wysigings van trustakte)
2. Afskrif van die magtigingsbrief
3. Afskrif van die SAID-dokument wat die inkomstebelasting / BTW-registrasienommer van trust bevestig
4. Resolusie onderteken deur alle Trustees wat die gemagtigde ondertekenaar / verteenwoordiger benoem
5. Afskrif van die bankstaat wat die bankbesonderhede van die trustrekening bevestig (minder as drie maande oud)

Van die gemagtigde ondertekenaar/vertteenwoordiger, elke kurator, begunstigde en stigter van die trust benodig ons die volgende:

6. Afskrif van ID



7. Bewys van adres (minder as drie maande oud)

**MAATSKAPPY:**

1. Maatskappy registrasiedokumente
2. CM1- Sertifikaat van inlywing
3. CM2- Akte van oprigting
4. CM22- Kennisgewing van Geregistreeerde Kantoor
5. Indien van toepassing, CM9 of Sertifikaat van Erkenning (CoR) (CoR 18.1 en 18.3 vir omskakeling vanaf CC en CoR 15.1 vir naamsveranderinge)
6. Laaste CM29 - Inhoud van Registrateur van Direkteure, Ouditeure en Beamptes besigheidsnaam indien anders as geregistreeerde naam
7. Bewys van adres (minder as drie maande oud)
8. Afskrif van die SARS-dokument wat die inkomstebelasting / BTW-registrasienommer van die maatskappy bevestig
9. Resolusie, onder maatskappybriefhoof, onderteken deur alle direkteure
10. Afskrif van die bankstaat wat die bankbesonderhede van die maatskappy bevestig (minder as drie maande oud)

Van die gemagtigde ondertekenaar/verteenwoordiger en / of uitvoerende hoof, elke direkteur en elke persoon of korporasie met 'n aandeelhouding van 25% of meer in die maatskappy, benodig ons die volgende:

11. Afskrif van ID
12. Bewys van adres (minder as drie maande oud)

**BESLOTE KORPORASIE:**

1. Afskrif van die stigtingsverklaring (CK 1) en die sertifikaat van oprigting (indien van toepassing, CK2 vir enige wysigings aan die stigtingsverklaring)
2. Besigheidsadres indien dit nie geregistreer is nie
3. Bewys van adres van die maatskappy (minder as drie maande oud)
4. Afskrif van die SARS-dokument wat die inkomstebelasting / BTW-registrasienommer vir die BK bevestig
5. Resolusie op BK briefhoof, onderteken deur alle lede wat een ondertekenaar /vertegenwoordiger benoem
6. Afskrif van die bankstaat wat die bankbesonderhede van die beslote korporasie bevestig (minder as drie maande oud)

Van die gemagtigde ondertekenaar / verteenwoordiger en elke lid benodig ons die volgende:

7. Afskrif van ID
8. Bewys van adres (minder as drie maande oud)

4. **DIE VERLOOP VAN DIE REGSPROSES - HS 21 & 22**

Die HSAG bestuur, regspraak en skakelbeampies het belangrike navrae ontvang rakende die regsprosedures wat gevolg word met betrekking tot die HS 21 & 22 aangeleentheid.

Die HS 21 & 22 of te wel die "CCAF" (Certified Class Action Fast Track HS 21 & 22) aangeleentheid beweeg by die dag nader aan die hof. Op 22 September 2020 het die regspraak die Applikante se repliserende verklaring op die Respondente beteken.

Die CCAF regspraak is dus besig om 'n versoek aan WnARP Potterill voor te berei. As saakbestuurder van hierdie aangeleentheid en weens aard van die versoek vertrou die regspraak dat ons 'n hofdatum te bekom wat vroeër eerder as later is.

## 5. **DIE VERLOOP VAN DIE REGSPROSES - HS 15 - 20**

Hoofsaaklik weens Covid-19 het hierdie aangeleentheid ongelukkig nie vinnig beweeg in 2020 nie. Hierdie aangeleentheid beweeg al nader daaraan om 'n hofdatum te bekom met betrekking tot sertifisering. Op die oomblik wag die HSAG regsman steeds op die teenkant om hul antwoordende verklarings te lewer.

Die HSAG regsman wag dus steeds op terugvoer van WnARP Potterill met betrekking tot 'n saakbestuurvergadering. Die doel sal wees om haar te ooreed dat hierdie aangeleentheid inderdaad, soos voorheen, ook 'n saakbestuurder verdien weens aard van die aangeleentheid en die vertragingstaktieke wat die teenkant gebruik. Ons vertrou dat ons so gou as moontlik 'n datum vir hierdie vergadering sal bekom.

Indien die WnARP bevind dat hierdie aangeleentheid 'n saakbestuurder regverdig sal dit die gevolg hê dat die saakbestuurder 'n datum sal voorsien waarop die teenkant hul antwoordende verklarings moet lewer, sonder dat die HSAG regsman 'n aansoek voor die hof moet bring om hulle te verplig. Die saakbestuurder sal die HSAG regsman dan ook van 'n tydraamwerk voorsien wat hulle sal hê om te repliseer om die teenkant se antwoordende verklarings. Na afloop van die lewering van antwoordende sowel as repliserende verklarings sal ons kan aansoek doen vir 'n hofdatum. In die CCAF aangeleentheid was dié uitruilingsproses binne 'n maand en 'n half voltooi nadat daar 'n saakbestuurvergadering was.

## 6. **INHOUD VAN REPLISERENDE STUKKE - HS 21 & 22: CCAF**

Op 22 September 2020 het die regsman twee verklarings op die teenkant beteken. Die eerste verklaring was 'n repliserende verklaring op die teenkant se antwoordende verklarings. Die tweede verklaring was 'n aanvullende funderende verklaring met die doel om die BRP, Mnr Jacques du Toit, te bevestig as 'n party (ook in sy persoonlike hoedanigheid) in hierdie aangeleentheid.

Die repliserende verklaring op die teenkant se antwoordende verklarings sal eerstens kortliks bespreek word. Dit is ook op die HSAG webtuiste, [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za), beskikbaar indien enige persone meer in diepte die stukke wil nagaan. In die verklarings was daar sterk daarop klem gelê dat daar reeds gesag met betrekking tot die feite in hierdie aangeleentheid is. Dit was bevestig in die Hoogste Hof van Appèl dat die terugkoopklousules van die HS 21 & 22 beleggiers afdwingbaar is.

Die respondente het in hul antwoordende verklaring aangevoer dat die rede waarom hulle nie vroeër hul antwoordende stukke gelewer het nie was omdat die identiteite van die

beleggers sowel as die eisbedrag in hierdie aangeleentheid nog nie aan hulle bekend gemaak was nie. Dit is egter 'n verregaande redenasie aangesien Regter Tolmay se sertifiserings uitspraak spesifiek bepaal het dat die klas-aansoek uitgereik moes word voordat die "opt-in" periode verstryk het, en sou dit dus onmoontlik wees om te voldoen aan die bevel. Verder het Regter Tolmay se bevel melding gemaak dat die totale eiswaarde van persone wat "opt-in" gelewer moet word, en nie die spesifieke identiteit en eiswaarde van elke individuele belegger wat deel is van die klas-aansoek nie.

Dit word egter voorsien dat die individuele identiteite en eiswaardes van beleggers wat deel is van die HS 21 & 22 klas-aansoek mettertyd bekendgemaak sal moet word aan die Respondente ten einde die Applikante in staat te stel om hul eise af te dwing.

Die aanvullende funderende verklaring wat op die teenkant beteken is handel oor die sakeredding van Zephan, en meer spesifiek, die onafhanklike opponering van die klas-aansoek deur die BRP. Die regsplan het hierdie besluit gemaak aangesien Zephan se advokaat, op instruksie van Mnr. du Toit as BRP, in die saakbestuurvergadering aangevoer het dat die BRP nie antwoordende verklarings hoef te lewer nie aangesien dit tans in besigheidsredding is. Dit stem ooreen met Mnr. du Toit se stellings in sy omsendbriewe dat daar nie voortgegaan mag word met litigasie teen Zephan terwyl dit in sakeredding is nie. Die Maatskappywet maak egter ook voorsiening daarvoor dat 'n hof kan gelas dat daar voortgegaan word met litigasie teen 'n maatskappy in sakeredding, net soos bepaal is deur die Regter Tolmay tydens die sertifiseringsaansoek gedurende November 2019, toe Zephan in sakeredding geplaas was enkele dae voor die aanhoor van die HS 21 & 22 sertifiseringsaansoek. Volgens die advokatuur is Du Toit se redenasie dus nie geldig nie, en verskoon die bepalings in die Maatskappywet, wat handel oor die sakereddingsproses, nie 'n party om te voldoen aan die normale Hofreëls nie. Verder is die regsplan van mening dat die BRP fondse van Zephan mors (m.a.w. die beleggers se fondse) om die klas-aansoek onafhanklik te opponeer, terwyl daar reeds regsplanne betrokke is wat vir jare lank Georgiou en sy entiteite verteenwoordig.

Bydraende redes vir die besluit om Mnr. du Toit te betrek was om feite voor die hof te plaas rakende Du Toit se optrede in die litigasie en sy versuim om behoorlik te reageer op sekere versoeke en vrae wat die HSAG regsplan en lede van die krediteure komitee aan hom gerig het na aanleiding van die publiserings van die Zephan en Orthotouch sakereddingsplanne. Dit blyk dat Du Toit nie gewillig is om op 'n samewerkende benadering met belangrike rolspelers van die proses voort te gaan nie en is sy huidige taktieke en optrede eensgesind met dit wat Georgiou die afgelope paar jaar gebruik om die proses teen hom te vertraag. Met hierdie klagtes voor en aanvaar deur die Hof is die regsplan in 'n beter posisie om 'n bestrawwende kostebevel teen hom en vir sy eie

rekening te versoek as gevolg van die manier hoe hy litigasie in hierdie aangeleentheid voer namens Zephan, met uiteindelik die beleggers se fondse.

## 7. FLUITJIEBLASERS

Indien u enige inligting met betrekking tot hierdie aangeleentheid anoniem wil aanmeld kan u gerus gebruik maak van die [hsagwhistle@gmail.com](mailto:hsagwhistle@gmail.com) e-pos adres.

Hierdie e-pos adres is spesifiek geskep sodat beleggers/belanghebbendes belangrike en nodige inligting kan deel met die HSAG regsplan onder die verstandhouding dat die identiteit van daardie persone nie geopenbaar sal word nie.

Die regverdiging daarvoor is dat persone wel oor belangrike inligting mag beskik om die saak teen Georgiou en ander te ondersteun, maar bekommerd is dat dit hul sal benadeel, dat daar regsgevolge kan wees, of dat hul die teken van smeerveldtogte kan wees indien hulle identifiseer word as iemand wat sensitiewe inligting verskaf aan die regsplan.

Die fluitjieblaser e-pos maak dit ook moontlik vir die HSAG om op dreef te bly van probleme wat beleggers ervaar en kan daar dus beter na hul belange omgesien word.

Ons moedig u aan om saam te staan en die regsplan te ondersteun deur enige belangrike inligting te deel, so ook kan u bydra om geregtigheid te laat seëvier.

## 8. GEBRUIK VAN KORREKTE E-POS ADRESSE

Die korrekte gebruik van e-pos adresse (soos vervat op ons webtuiste en e-posse) asook HSAG-lede se voorletters en van, sindikasiennommers en verwysingsnummers (bv. identiteitsnommer ens.) vir alle kommunikasie, is uiters noodsaaklik en verpligtend.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir die HSAG, is as volg:

- **hsactiongroup@gmail.com** vir alle Algemene Navrae (Byvoorbeeld – selfoon of adres veranderinge, betalingsbewyse, kennis van lede wie gesterf het, ensovoorts);
- **hsagenquiries@gmail.com** vir Spesifieke Navrae (Byvoorbeeld – navrae rakende besonderhede van 'n spesifieke belegger, navrae rakende kwytstelling van 'n spesifieke belegger, ensovoorts);
- **hsagregister@gmail.com** vir die Registrasie en Deregistrasie van HSAG- lede;

- **hsagwhistle@gmail.com** vir alle Vertroulike Inligting wat anoniem aan ons gestuur moet word;
- **hsagestates@gmail.com** vir alle Boedel navrae.

Die amptelike en bestaande e-pos adresse vir CCAF (gesertifiseerde HS 21 & 22 klas-aksie), is as volg:

- **accounts@ccaf.co.za** vir betalingsbewyse
- **admin@ccaf.co.za** vir die amptelike versoek vir afbetaling-vorm
- **enquiries@ccaf.co.za** vir ander CCAF navrae

Indien 'n belegger of enige persoon 'n epos na die verkeerde adres sou stuur sal dit daartoe lei dat daardie e-pos nie spoedig of enigsins die nodige aandag geniet nie. Indien u nie verder enige verdere e-posse wil ontvang nie, stel ons ook asseblief skriftelik in kennis daarvan.

## 9. **BELANGRIKE ALGEMENE TERME EN VOORWAARDES**

**Die algemene en herhalende terme, voorwaardes en ander algemene inligting wat voorheen in die Nuusbrief vervat was, word nou beskikbaar gestel op die HSAG se webtuiste by [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) en kan direk besigtig word by die volgende skakel: <http://hsaction.co.za/wp-content/uploads/2020/01/HSAGTsCs.pdf>**

Die HSAG Bestuur wil iedere en elke lid alle voorspoed en sukses toewens met die afsienbare toekoms.

**Vriendelike groete**

**HSAG-Bestuurskomitee**

Kontak die HSAG en prokureurs by:

Tel: (021) 887 7877

[hsactiongroup@gmail.com](mailto:hsactiongroup@gmail.com)



\*AFRIKAANS HIERBO\*

## MONTHLY NEWSLETTER SEPTEMBER 2020

This newsletter is addressed to you as a member of the Highveld Syndication Action Group (“HSAG”) on account of you having made an investment in the Highveld Syndication Companies 15-22 and/or support of the HSAG.

This email is confidential and is exclusively meant for the addressee. If you have received it in error/ wrongly, please notify the sender immediately at [hsagenquiries@gmail.com](mailto:hsagenquiries@gmail.com) and delete it. You may not copy, disclose or deliver any email received in error or any part of it to anyone else. HSAG’s webmaster uses antivirus software to prevent viruses and other malicious code. However, such software cannot prevent or eradicate all such code. The HSAG or its representatives will not be liable for any loss, harm or damage whatsoever arising from receipt or use of this email or otherwise, whether arising through negligence of the HSAG, its members, steering committee, and agents or otherwise.

The [www.hsaction.co.za](http://www.hsaction.co.za) website is the primary place where you will find HSAG information, subject to the disclaimer contained therein (and also applicable hereto), although emails are also sent out from time to time.

The obligation to keep us up to date of any changes to your personal and/or contact details rests on you as HSAG member.

### **HSAG OFFICIAL NEWSLETTER –CONTENTS**

